



eduresourceza.com

Daarom - MEMO

Ilna Stander

1. Waarvoor het die tiener geskrik?
Hy skrik vir sy voorkoms in die spieël.
2. Noem twee fisieke dinge wat hierdie tiener sleg oor homself laat voel.
Hy het 'n slegte vel, sy ledemate is lank en lomp en hy het net ligte donsies op sy bolip.
3. Bespreek die ironie in reël 3: "my vel 'n dermatoloog se droom".
Dis 'n ironiese opmerking, omdat dit presies die teenoorgestelde beteken van wat gesê word. Vir die dermatoloog / velspesialis is die tiener se vel 'n droom / goeie werksgeleentheid waaruit hy geld kan maak. Die tiener se slegte vel is beslis nie vir homself 'n droom / aantreklik nie en dit laat hom baie selfbewus voel.
4. Wat beteken dit as sy bolip se dons bleek is?
Sy gesigshare (snor) op sy bolip is nog yf, wit donsies.
5. Noem drie voorbeelde wat aandui dat die seun 'n gebrek aan selfvertroue het.
Hy wil nie in die spieël kyk nie, hy sê min tussen meisies en hy kruip agter sy kuif weg.
6. Wat is 'n "deurslaanstem" en waarom gebeur dit?
Dit is die seun se stem wat besig is om in puberteit te breek en soms op 'n hoë toon deurslaan.
7. Alhoewel die seun 'n gebrek aan selfvertroue het, dui een woord daarop dat hy ferm sal staan indien enigiemand sou aandring dat hy sy hare moet sny. Watter woord is dit?
Waarom sal hy so optree? Motiveer jou antwoord.
Ononderhandelbaar
Hy sal dit nie sny nie omdat dit deel is van sy lelike vel / gesig wegsteek, iets is waaragter hy kan weggroep en ook omdat dit in die mode is.
8. Wat is 'n "afsakbroek"? Waarom is dit in die mode?
Baie seuns se broeke hang laag oor hulle sitvlakke. Dis in die mode omdat dit deel van tieners se voorkoms is. Die seun oefen ook 'n trak-my-nie-agtige stapjie. Dit help hom om sy gevoelens weg te steek.
9. Bespreek die redes waarom die gedig "Daarom" genoem word.
Omdat hy selfbewus oor sy voorkoms voel en dus 'n slegte selfbeeld het, praat hy nie baie nie, want sy stem is besig om te breek, kruip hy agter sy kuif weg en voel hy 'n gek tussen meisies. In strofe 2 word hierdie redes vir sy optrede / gedrag genoem, voorafgegaan deur die woord "daarom". Mense sal moontlik nie sy gedrag verstaan nie.
10. Wat doen die tienerseun in die tussentyd, tot dinge verander?
Intussen is hy moeilik en temperamenteel in hierdie onseker stadium in sy lewe waarin hy teik en onaantreklik voel en toon dit deur sy gedrag (staan deure hard toe).

11. Waarom, dink jy, staan hy deure hard toe?
Hy is gefrustreerd omdat hy niks aan sy voorkoms kan doen nie. Hy voel magtelooos en dit is al manier waarop hy uiting kan gee aan sy emosies.
12. Watter tipe beeldspraak word in reël 14 gebruik? Verduidelik.
Alliterasie: die herhaling van konsonante aan die begin van 'n woord: "Intussen donder ek deure toe".

o o o

1. Hoe lyk die persoon se bene en arms?
Lyk of dit te lank is in verhouding met sy liggaam.
2. Gee twee bewyse uit die gedig dat die spreker 'n seun is.
Dons op bolip en tussen meisies voel hy soos 'n krater.
3. Watter klankverskynsel kry ons in reël 5?
Alliterasie van die b-klank.
my bolip se dons bleek.
4. Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 6?
Meer inligting oor hoe hy voel tussen meisies volg.
5. Hoe voel hy tussen meisies?
Soos 'n groot krater.
6. Waarby pas die woord 'krater' aan?
Die gate in sy lelike vel.
7. Wanneer beoefen hy sy stap?
Agteraf
8. Hoekom doen hy dit dan?
Hy wil soos die ander maats wees; koel wees, inpas.
9. Watter tyd bid hy om?
Sy pubertiestadium.

HERE BE DRAGONS – IZAK DE VRIES - MEMO

1. Die gedig handel oor 'n kind wie se pa skynbaar daarteen gekant is dat hy die internet sonder toestemming en ouerlike toetsing gebruik. Watter aanduiding is daar dat hy dit slegs onder toetsing mag gebruik? (1)
Daar is 'n kodewoord op sy pa se rekenaar waaronder 'n mens nie toegang tot die rekenaar kan hê nie.
2. Voor watter uitdaging kom die kind in strofe 1 te staan, en hoe vaar hy met hierdie uitdaging? (2)
Hy probeer deur die kodewoord breek en ondervind geen probleme daarmee nie.
3. Wat beteken die term 'surf' in rekenartaal? Gee die Afrikaanse woord daarvoor en verduidelik kortliks. (1)
Dit beteken om verskillende webblaaie op die internet te besoek op soek na inligting.
4. 'n Rekenaarvirus is 'n baie doelgerigte instrument om te gebruik. Watter enkele woord in die gedig suggereer hierdie doelgerigtheid? (1)
Wingend
5. Die seun verwys in strofe 1 na 'nuwe ruimte' –
1.1 Wat lê in die 'nuwe ruimte' opgesluit? Gee 'n enkele woord in strofe 2 as antwoord. (1)
Inligting
- 5.2 Watter internet-instrument gebruik die seun om nuwe plekke te ontsluit, volgens strofe 2? (1)
GoogleEarth
6. Internet-gebruik word in die tweede strofe 'n 'relegie' genoem. Wat bedoel die seun hiermee? (1)
Sy hele lewe sentreer hierom; hy erken dat dit sy lewe beheer en dat hy nie andersonder kan bestaan nie.
7. Die seun probeer die internet verdeedig en hy wys sy pa daarop dat versoeke en gevare ook buite die rekenaar domein bestaan. Watter twee voorbeelde gee hy hiervan? (2)
Dagga is virlik beskikbaar op die strate.
Sommige onderwysers lol met skoolkinders.
8. Wie is 'ons' na wie die kind in die derde strofe verwys? (1)
Hedendaagse jongmense wat baie goed vertrou is met tegnologie.
9. Die gebruik van die woord 'wyser' is effens misplaas in die konteks waarin dit gebruik word (strofe 3). Waarmee assosieer 'n mens wysheid gewoonlik? (1)
Met 'grysheid' (die ouderdom). Die ouer mense word gewoonlik as wys beskou, nie kinders nie.

10. Die kind vra vir sy pa in strofe 3: 'Laat ons gaan laat ons reis'.
10.1 Hoe verskil hedendaagse mense se manier van reis van dié van 'n vorige generasie? (Hirde siening kom ook voor in strofe 2 van die vorige gedig.) (1)
Jongmense hoef nie meer na ver plekke te reis as hulle dit wil besoek nie.
Hulle besoek dit op die internet en kan dit in hulle eie huise op dieselfde manier ervaar.
- 10.2 Noem twee plekke waarheen die seun op hierdie manier reis. (2)
Na Polo en Parys (Frankryk)
11. Watter beeld gebruik die seun wat baie herinner aan die manier waarop delwers vroeër hulle gebied afgebaken het? (1)
Hy praat van 'kleims afsteek' (om iets jou eie te maak) – dis 'n ou delwersterm.
12. Jy is die eerste Suid-Afrikaner wat die kruin van Berg Everest bereik –
12.1 Hoe sal jy seker maak dat andere weet dat jy die eerste Suid-Afrikaner was wat op die hoogste piek in die wêreld gestaan het? (1)
Jy sal jou land se vlag bo-op die kruin plant as lewende bewys van jou prestasie.
- 12.2 Op watter manier wil jongmense vandag daardie selfde gevoel ervaar? (1)
Hulle wil dinge op die internet vir hulleself toeëien en hulle eie maak.
13. Eintlik versoek die seun nie sy pa om hom toe te laat om sy eie wêreld te ontdek nie, hy eis dit van hom. Kyk na reëls 11 en 16 en sê dan hoekom ons dit kan sê. (1)
Hy gebruik nooit die woord 'asseblief' (soos in 'n versoek) nie.
14. Verduidelik in jou eie woorde: 'Hou oop jou hart'. (1)
Hy vra dat sy pa hom moet ondersteun, dat hy nie sy hart teenoor hom sal verhard as hy foute maak nie.
15. 'Eendag gaan daar 'n virus wees'
15.1 Noem twee geveeste rekenaarvirusse waarna daar in die gedig verwys word. (1)
Die wurm en die Trojaanse perd.
- 15.2 Watter woorde sê dat hierdie virusse nie net die kind se rekenaar nie, maar hom ook persoonlik gaan 'aanval'? (1)
'wat meer gaan doen as komperkraak'
16. Die kind besef dat sy behoeftigheid met die internet nie vir sy pa sin maak nie, nie logies is nie. Wanneer sal hy wel sy logika teenoor sy pa wil gebruik? Sê kortliks. (1)
Wanneer sy brein met sy pa wil praat / wanneer hy eendag besef dat hy 'n fout begaan het en dat hy sy pa se hulp en ondersteuning nodig het.

DIE Wêreld HET SO KLEIN GEWORD – ALTA MARINCOWITZ - MEMO

1. Walter woord in die eerste strofe dui aan dat haar ouma-hulle baie vrugte op die plaas moes gehad het?
'boord' (1)
2. Wat was gedurende haar ouma se kinderjare die enigste bron waarin kennis opgesluit was?
Boeke (1)
3. Verduidelik kortliks die verskil tussen klets en gesels.
Klets is om onopholdelik oor klein en onbenullige dinge te praat; dit hou ook gewoonlik baie lank aan. Gesels is gewoonlik om 'n behoorlike, sinvolle gesprek te voer. (2)
4. Gee die korrekte Afrikaanse spelling vir 'foun' en sê hoekom jy dink hierdie spelling (en uitspraak) gebruik word.
'foon' (2)
5. Verduidelik kortliks hoe plaastelefone in daardie tyd gewerk het. Laat jou onderwyser jou help om hierdie vraag te beantwoord.
Plaastelefone het dikwels 'n telefoonlyn gedeel, waar die eerste twee nommers van almal dieselfde was. Die laaste twee nommers is dan deur kort en lang tone aangedui. In hierdie gedig is die voorlaaste nommer 2 (twee kortes) en die laaste nommer is 'n 3 (drie langes). (3)
6. Waar het die spreker se ma waarskynlik grootgeword?
in 'n plattelandse dorpie. (1)
7. Ons lees dat hulle 'n 'ruim erf' gehad het –
7.1 Wat beteken dit?
Hulle huis het op 'n groot stuk grond gestaan. (1)
- 7.2 Wat was daar op die erf wat dit lekker vir kinders behoort te gemaak het?
'n groot grasperk en twee bome. (2)
8. Haar ma het skynbaar ook baie tyd binnehuis deurgebring –
8.1 Met watter aktiwiteit het haar ma skynbaar baie tyd deurgebring?
Sy het baie TV gekyk. (1)
- 8.2 Walter woord dui aan dat sy baie daardeur gefassineer was?
'vasgenaef' (1)

- 8.3 Walter nuwe wêreld het hierdie aktiwiteit vir haar ma oopgemaak?
Sy het in aanraking gekom met ander wêrelddele en mense waarvan sy voorheen geen kennis gehad het nie. (1)
- 8.4 Walter drome het sy as gevolg hiervan begin droom?
Sy het gedroom om self eendag na hierdie plekke toe te reis. (1)
9. Waar het die ma se niggies hulle naweke deurgebring?
In 'n flik / bioskoop. (1)
10. Hoekom, dink jy, kon haar ma nie dieselfde doen nie?
Die dorp waarin sy grootgeword het, het waarskynlik nie 'n bioskoop gehad nie. (1)
11. Walter tegnologie se uitvindsel is alreeds gedurende haar ma se skoolloopbaan bekendgestel?
Die selfoon. (1)
12. Verduidelik kortliks, maar volledig: 'Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis'.
Deur slegs op 'n knoppie op jou rekenaar te druk, kan jy toegang verkry tot enige plek in die wêreld. (2)
13. Terme het mettertyd verander –
13.1 In strofe 2 het ons van 'n wêrf en bome gelees. Van watter wêrf en boom lees ons in die laaste strofe? Sê kortliks.
Ons lees van webwerwe waar 'n mens inligting kan verkry. Ons lees van die advertensie-webwerf Gumtree waar 'n mens produkte kan bestel en aankope kan doen. (2)
- 13.2 Van watter boeke het ons in die eerste strofe gelees, en van watter boek lees ons in die derde strofe?
In strofe 1 lees ons van boeke wat 'n bron van inligting is. In die laaste strofe lees ons van Facebook waarop mense meer van hul doen en late kan vertel. (2)
14. Wat beteken dit om jou gesig gedeeltelik te ontsluit?
Om meer van jouself bekend te maak; om die sluier oor persoonlike dinge van jou weg te lig (maar steeds party dinge geheim te hou). (1)
15. Die woord 'kennis' verskyn in sowel strofe 1 as strofe 3 –
15.1 Wat moes die spreker se ouma doen om kennis in die hande te kry?
Sy moes dit in boeke gaan soek. (1)
- 15.2 Wat doen haar kleindogter nou as sy kennis wil bekom?
Sy druk net 'n knoppie op haar rekenaarhuis. (1)

16. Dit lyk of die huidige generasie nie so 'n groot begeerte het om te reis as die vorige generasie nie. Hoekom, dink jy, is dit so?
Dis nie meer vir hulle nodig om self na 'n plek toe te gaan om meer daaroor uit te vind nie. Die rekenaar kan 'n mens onmiddellik daarteen neem. (1)
17. Die drie generasies het verskillende instrumente gebruik om met mense kontak te maak –
17.1 Watter instrument het die ouma gebruik?
Die telefoon (1)
- 17.2 Watter instrument het die ma waarskynlik gebruik?
Die selfoon (1)
- 17.3 Watter instrument gebruik die spreker nou?
Die rekenaar / internet / facebook (1)
18. Verduidelik kortliks wat jy onder 'n ieder en elk' verstaan. (1)
19. Volgens die spreker is die moontlikhede wat die internet bied, baie groot. Op watter twee maniere probeer sy aantoon hoe groot dit is?
Die woord 'GROOT' word met hoofletters geskryf.
Die woord 'duiselingwekkend' word gebruik om te beskryf hoe groot dit is. (2)
20. Ons vind twee kontraswoorde 'groot' en 'klein' in die laaste strofe –
20.1 Wat is, volgens dié strofe, groot?
Die moontlikhede wat tegnologie bied. (1)
- 20.2 Wat het, volgens dié strofe, baie klein geword?
Die ruimte wat benodig word om hierdie tegnologie te gebruik. (1)
21. As die spreker se kamer 3 meter wyd is, hoe lank is die kamer dan?
4 meter (1)
22. Dink jy dat 'n kamer van daardie grootte klein, groot of gemiddeld is?
Die gemiddelde grootte vir 'n slaapkamer. (1)
23. Haal jou antwoorde vir hierdie vraag uit die teks aan. Hoe groot is die spreker se ...
23.1 leefruimte?
'twaalf vierkante meter' (1)
- 23.2 leefwêreld?
'duiselingwekkend GROOT' (1)

24. Die titel van die gedig is *Die wêreld het so klein geword*. Verduidelik hierdie titel deur na die lengte van die versreëls in die verskillende strofes te kyk. (3)
Die eerste strofes se versreëls is die langste; die tweede strofe se versreëls is medium-lank; die derde strofe se versreëls word al hoe korter totdat daar uiteindelik slegs 'n enkele woord in die laaste reël staan.
25. Tot watter gevolgtrekkings kom die spreker aan die einde van hierdie gedig? Voltooi die volgende sin: (1)
Hoe groter die mens se kennis- en ervaringswêreld geword het, hoe kleiner het sy behoeftes aan persoonlike ruimte geword.
26. Verduidelik die vreeemde tipografie van die laaste strofe. (4)
Die laaste strofe begin aanvanklik met medium-lang versreëls, van die middel van die strofe af, krimp die versreëls egter vinnig totdat dit aan die einde van die strofe slegs uit 'n enkele woord bestaan. Dit dui daarop hoe vinnig die wêreld kleiner geword het weens gevorderde tegnologie wat al hoe groter geword het.
27. Gee drie voorbeelde van binnerym uit die gedig. (3)
'lees boeke in hulle soeke na kennis'
'Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis'
'gedeelteik ontsluit en klankloos kleits en kuitier'
28. Haal 'n sinoniem vir die woord 'dadellik' uit die laaste strofe aan. (1)
'onmiddellik'
29. Wat is die funksie van enjambement in die laaste 7 reëls? Sê kortliks. (2)
Dit versnel die tempo van die gedig. Hierdie sneller tempo dui aan hoe vinnig tegnologie in die laaste tyd ontwikkel het.
30. Dink jy tegnologie het ons lewens vergemaklik of gekompliseer? Motiveer kortliks jou siening. (2)
Jou eie antwoord en 'n goeie motivering.

SUSAN BOYLE – KOBUS GROBLER – MEMO

1. As jy na die foto van Susan Boyle op die verhoog sou gekyk het, wat sou jou eerste indrukke van haar gewees het?
Sy is middeljarig en geset. Sy lyk vaal, oninteressant en ongesofistikeerd. Haar haarsstyl is outyds en onversorg, sowel as haar baie dik wenkbroue. Haar kort, formele aandrok lyk ook te outyds vir hierdie moderne realiteitsprogram. Sy pas eenvoudig nie in nie en 'n mens verwag nie veel van haar optrede nie.
2. Hoe dink jy sou Susan Boyle gevoel het toe sy vir die eerste keer op die verhoog kom?
Motiveer jou antwoord.
Sy sou waarskynlik uit haar plek gevoel het. Sy kon die afleur en spot van die beoordelaars aanvoel en die manier sien waarop hulle ma mekaan gekyk het, asook die uitdrukkings op hulle gesigte. Die gehoor het haar uitgejou end it sou haar moontlik ontseker laat voel het.
3. Wie is die 'pilatusse' en waarom word hulle so beskryf?
Die beoordelaars, hulle is soos Pilatus in die Bybel, die beoordelaars die regters wat oor haar lot en toekoms moet besluit. Pilatus was egter nie 'n onpartydige regter wat egverdiig geoordeel het nie. Moontlik word hier gesuggereer dat die beoordelaars ook aanvanklik bevooroordeel is.
- 3.1. Walter beedspraak is bogenoemde voorbeeld?
Metafoor of direkte, beknopte vergelyking wat twee dinge met mekaar vergelyk
- 3.2. Haal 'n vergelyking aan uit strofe 1.
"... aangeja soos 'n skaap "
4. Beskryf kortliks Susan se voorkoms wat volgens modern sosiale norme verkeerd is.
Motiveer jou antwoord. Fokus slegs op die besonderhede wat in die gedig verskaf word.
Sy lyk vaal/kleurloos en outyds. Haar hare is onversorg en in 'n outydse styl gesny. Haar wenkbroue is baie dik en nie mooi gevorm nie. Sy lyk dus nie of sy aantreklik of aanvaarbaar vir 'n gehoor van so 'n realiteitsprogram wou wees nie.
5. Beskryf die beoordelaars en die gehoor se aanvanklike houding teenoor haar soos beskryf in strofe 1, asook hoe dit verskil van hul houding in strofe 2. Is sulke gedrag algemeen in hierdie tipe realiteitsprogram?
In strofe 1 word Susan as 'miserabel vaal' deur die gehoor en beoordelaars gesien en verguis (bespottike voorgestel) in die helder ligte van die verhoog. Hulle beskou haar as die grap van die jaar a.g.v. haar outydse, ontoepaslike voorkoms. Simon Cowell spot et haar en die gehoor jou haar uit. Nadat sy egter begin sing het, verander almal se houding teenoor haar. Hulle is verstom oor haar mooi stem. Hulle vooroordeel teenoor haar verdwyn en miljoene mense geniet die geskenk van haar pragtige stem.

6. Waarom is dit ironies dat sy juis die lied 'I dreamed a dream' gekies het om te sing? Dis ironies, want die liedjie handel oor 'n mens se droom om aanvaar en geliefd te wees. Nogtans is daar dinge in die lewe ('tigers come at night') wat 'n mens se hoop en jou drome uitmekaarskeur. Die lewe laat jou drome sterf. Sy sing hierdie liedjie vir 'n aanvanklik vyandige gehoor.
7. Verduidelik kortliks die laaste twee versreëls.
Sy het haar sangtalent vir jare lank alleen vertroetel, maar skenk dit nou in hierdie realiteitsprogram aan die hele wêreld.
1. Susan Boyle se inskrywingsnommer bestaan uit vyf syfers. Wat dui dit vir ons aan?
Daar was baie mense wat vir die kompetisie ingeskryf het.
2. ... die pilatusse van Britain's Got Talent?
2.1. Waarna/Na wie verwys pilatusse in hierdie aanhaling?
Die beoordelaars.
- 2.2. 'Pilatusse' is 'n Bybelse verwysing (Nuwe Testament). Verdudelik hierdie verwysing en sê hoe dit by die gedig inskakel.
Pilatus was die goewerneur wat moes besluit oor die lot van Jesus nadat hy aangekla was. Die beoordelaars vervul dieselfde funksie in hierdie kompetisie: hulle moet die deelnemers beoordeel en oor hulle lot besluit.
3. Ons lees dat dit gelyk het asof Susan Boyle soos 'n skaap op die verhoog gejaag is. Verdudelik hierdie beeld, veral nadat jy die inselsel of YouTube gesien het.
Sy het verskrik en ontuis op die verhoog gelyk; sy het ook effens skaapagtig (onnosel) voorgekom en in die manier waarop sy die vrae beantwoord het.
4. Ons lees dat Susan miserabel en vaal in die kollig van die verhoog gelyk het. Hoekom, dink jy, het die spreker spesifiek die woord 'miserabel' gekies om haar voorkoms op die verhoog te beskryf?
Sy sou oomblikke daarna 'n uittreksel uit die musiekblysel Le Miserables sing om haar santalent ten toon te stel.

5. 'Miserabel vaal in die lig verguis'
5.1 Van watter lig lees ons in hierdie aangehaalde versreël?
Die kollig wat op die verhoog op Susan geskyn het. (1)

5.2 'Verguis' dui daarop dat iemand in die openbaar verneder word en dat die persoon se menswees voor ander afgekraak word. Op watter maniere is dit presies wat daardie aand met Susan Boyle gebeur het? Sê kortliks. (2)

Dit is gedoen deur die manier waarop Simon vrae aan haar gevra het en hoe hy voor miljoene mense 'n gek van haar prober maak het. Hy het haar soos 'n naïwe, onnosele kind behandel. Die reaksie van die gehoor dui op Susan se verguising. Hulle het haar uitgejou en bespot.

6. Wat van Susan se voorkoms het die gehoor negatief beïnvloed?
Haar ruie wenkbroue (monobrou) en eienaardige haarsstyl. (2)

7. In die gedig trek die digter 'n duidelike parallel tussen Susan Boyle se ervaring daardie aand en die van Jesus tydens sy verhoor en vormisoplegging.

7.1 Hulle het uit 'n soortgelyke agtergrond gekom. Verduidelik hierdie stelling. (2)
Jesus is in 'n klein nedersetting, Nasaret, gebore. Susan Boyle kom ook van 'n klein Skotse nedersetting af.

7.2 Albei moes voor 'n regter verskyn. Verduidelik. (2)
Jesus moes voor die gouverneur, Pilatus, verskyn en Susan Boyle moes voor haar optrede in die kompetisie voor drie pilatusse (beoordelaars) verskyn.

7.3 Wat was die regter se funksie in albei gevalle?
In albei gevalle moes die 'regters' oor die persoon se lot besluit. (1)

7.4 Haal woorde uit die gedig aan wat op albei se vernederende situasies van toepassing is.
'verguis', 'spot', 'skares jou uit', 'vernederende vooroordeel' (3)

8. In watter versreël van die gedig vind 'n wending plaas?
Reël 9 (1)

9. Watter droom van Susan is daardie aand bewaarheid, volgens die YouTube-insetse?
Die droom om voor 'n groot gehoor op te tree. (1)

10. Verduidelik kortliks wat jy onder die term 'vooroordeel' verstaan en hoe dit in hierdie gedig van toepassing is. (2)

Dit is wanneer 'n mens 'n persoon reeds geoordeel het nog voordat hy/sy die geleentheid gekry het om hom/haar te bewys. Die mense het Susan alreeds afgeskryf nog voordat sy die geleentheid gekry het om te sing.

11. Wie is 'hulle' na wie daar in reël 11 verwys word?
Die gehoor wat Susan sien optree het. (1)

12. Verduidelik die betekenis van 'troeteltalent' in die konteks van die gedig.
Dit is talent wat jare lank veilig bewaar is, geheim gehou is, totdat dit op 'n data an andere bekend gemaak is. (1)

13. Hierdie gedig is in die styl van 'n Italiaanse sonnet geskryf. Verduidelik kortliks in watter opsig dit aan sommige vereistes van die sonnetvorm voldoen. (4)

In die eerste strofe (oktaaf) kry ons 'n beskrywing van Susan Boyle en 'n vertelling van die beoordelaars en die gehoor se gesindheid teenoor haar. Hierdie strofe spreek duidelik van die negatiewe gevoelens wat daar teenoor haar bestaan het.

In die tweede strofe (die sestet) kry ons 'n wending wanneer Susan begin sing en die gehoor met haar optrede oorrumpel. Die voorroede wat in die eerste strofe bestaan het, verander nou in 'n positiewe reaksie.

14. Hopelik het jy die insetse op YouTube gesien voordat jy hierdie gedig bestudeer het.

14.1 Wat dink jy persoonlik van Susan Boyle se 'troeteltalent'? (1)

14.2 Het die insetse jou emosioneel geraak? (1)

14.3 Indien dit jou emosioneel geraak het, verduidelik kortliks hoe jy daardeur geraak is. (1)

15. Watter boodskap/ies, dink jy, hou die insetse en gedig vir ons as mense in?
Moet nie mense beoordeel voor hoe hulle lyk of klink nie. (1)

16. Gee die korrekte Afrikaanse woord vir die volgende.

Susan Boyle het haar 16.1 (debut) in 2009 in Britain's Got Talent gemaak. Sy was een van verskeie 16.2 (participants) en die 16.3 (audience) en 16.4 (judges/adjudicators) het haar as 'n grap beskou. Toe sy op die 16.5 (stage) stap, het almal gelay en haar uitgejou. Sy het 'n 16.6 (extract) uit die 16.7 (musical) Les Misérables gesing en die 16.8 (spectators) was gaande daaroor. Sy is as die 16.9 (winner) in die 16.10 (preliminary round) aangekoos en het tot die 16.11 (final round) van die 16.12 (competition) deurgeding. Tydens die finale beoordeling was Susan die 16.13 (runner-up).

Daardie aand was daar nie 'n 16.14 (orchestra) met 'n 16.15 (conductor) om Susan te 16.16 (accompany) nie en sy het baie 16.17 (nervous) voorgekom. Sy het egter almal met haar pragtige 16.18 (voice) in ekstase gehad en toe sy klaar gesing het, het daar 'n oorverdowende 16.19 (applause) losgebars. Toe die 16.20 (announcer) bekend maak dat sy gewen het, het sy almal op hul voete gehad.

- | | | |
|--------------------|--------------------|---------------------|
| 16.1 debut | 16.9 winner | 16.17 semi-finalist |
| 16.2 deelnemers | 16.10 uitdrukkings | 16.18 stem |
| 16.3 gehoor | 16.11 eindronde | 16.19 applous |
| 16.4 beoordelaars | 16.12 kompetisie | 16.20 aankondiger |
| 16.5 verhoog | 16.13 neuswenne | |
| 16.6 uitreksel | 16.14 orkes | |
| 16.7 musiekblyspel | 16.15 dirigent | |
| 16.8 toekouers | 16.16 begelei | |